



## Kiepersol se voorsitter tree uit

“Daar behoort voortdurende vernuwing in Sawa-besture te wees want dit verseker dat dit steeds nuut en innoverend oor sake sal dink wat noodsaaklik is vir die groei en oorlewing van die organisasie.”

So het Hennie Ferreira, voorsitter van Streek Kiepersol, gesê toe hy hom nie weer verkiesbaar gestel het nie.

“Ten einde dinamika in besture te verseker behoort ’n lid nie langer as drie jaar in dieselfde amp te dien nie. Dit noodsaak egter opvolgbeplanning want kontinuïteit in besture is van net so’n groot belang. Ek besef egter dat die poel waaruit bestuurslede verkies kan word nie baie groot is nie, daarom behoort uittredende bestuurslede hulle na ’n onderbreking weer verkiesbaar te stel sodat ervaring en kundigheid wat so opgedoen is nie verlore gaan nie.”

Op ’n vraag of hy meen dat dit

voorskriftelik moet wees, het Hennie gesê dat so’n bepaling besture sal dwing om spesifieke aandag aan opvolgbeplanning te gee en nie in ’n gemaksonne sal verval nie.

“Dit is verblydend dat daar ’n paar jonger lede genomineer is om in die bestuur te dien. Toe die nominasies op 25 Julie 2012 gesluit het, was daar agt nominasies en die AJV sal gevolglik die volgende lede onbestrede vir spesifieke ampte verkies: André Baker (voorsitter), Ronelle King (onder-voorsitter), Ina van den Berg (sekretaris), Rigard Lemmer (penningmeester). Hierbenewens is daar vier addisionele lede waarvan een toegewys is om die senior burgers se belange te verteenwoordig (Frank Smith) asook Schalk Nolte, Lucille Vorster en Christa Bothma.

Johann Lemmer wou graag plek maak vir jonger lede in die bestuur



Hennie Ferreira

maar het sy bereidwilligheid verklaar om nog met Kampkrummels te help. Hy kan moontlik in die hoedanigheid op die bestuur gekoöpteer word.

Hennie het die betrokkenheid en meelewing van die lede as hoogtepunt in sy termyn ervaar. Goeie voorbeelde hiervan was die suksesvolle aanbieding van Kongres 2009, die Romanz-fondsinsameling en gemeenskapsprojek soos Solidariteit se Helpende Hand wat deur die senior burgerverteenwoordiger gedryf word. Dan kan die omskakeling van Kampkrummels na ’n elektroniese formaat terwyl dit ook as harde kopie beskikbaar is, ook as ’n hoogtepunt beskou word, aldus Hennie.

## Lees binne . . .

Oordenking	2
Sawa in breër verband	2
Redakteur in die breë	3
Kampnuus	4
Saamtrekdatums	4
Voorsitter sê	5
Sawa-kleuters	6
Uiterstes in die natuur	7
Schalk gesels	8
Senior burgers	9
Jongklomp (tieners)	9
Mense by Sitrusfees	10
Verjaarsdae, lief, leed	11
Karee-Krans	11
Fotoblad	12

## Vaas met vrugte by die Sitrusfees



Hierdie vase met vrugte was by die onlangse Sitrusfees, wat op Buffelspoort gehou is, te sien  
Foto: Johann Lemmer



## OORDENKING

### 'n Genadige God

Gen. 18:32: Toe sê Abraham: *"Moet tog nie kwaad word nie, Here! Ek wil nog net een keer praat; miskien word daar tien gekry."* En die Here sê: *"Ook oor tien sal Ek dit nie verdelg nie."*

Daar is die afgelope tyd genadiglik baie geskryf oor genade. As jy nog nie Philip Yancey se *What's So Amazing About Grace?* gelees het nie, doen jouself dan 'n guns en lees dit.

Maar wat is genade?

Genade is nie goedkoop nie. Dit het Dietrich Bonhoeffer ons al kom leer. Dit vra iets. Ons kan dit maklik goedkoop maak. Maar daar is meer as net dit. Miskien help dit ons om dit met 'n paar ander terme te vergelyk.

Genade is iets anders as regverdigheid. Met regverdigheid praat ons van gelykheid. Ons praat van boeke wat balanseer en dae en woorde wat klop. Maar genade is oneindig meer. Met genade klop die boeke juis nie. Maar genade werk nie met verdienste nie.

Genade is meer as tegemoetkomendheid. Die bouers by jou huis het drooggemaak en jy is baie tegemoetkomend. Hulle het probleme gehad en nou gee jy hulle ekstra tyd om reg te maak en klaar te maak. Genade is baie meer.

Genade is baie meer as barmhartigheid. Iemand is in die moeilikheid. Dalk het hy dit self veroorsaak, maar nou reik jy 'n helpende hand uit. Jy maak 'n bydrae om die persoon weer op sy voete te kry. Genade is baie meer as dit.

Genade is nie 'n konsep wat binne ons ongenadige wêreld maklik verstaan word nie. As ons dit verstaan, is dit ook nie iets waarmee ons maklik assosieer nie. Ons gee dit moeilik en ontvang dit moeilik. Die Bybel leer ons egter van 'n genadige God wat bereid was om 'n hele stad te spaar ter wille van net tien mense. As die Bybel dus sê dat ons uit genade gered is (Rom. 3:24; Tit. 3:4), moet ons goed verstaan wat hier bedoel word.

*Here, ek verstaan, gee en ontvang genade ewe moeilik. Help my om vandag nog êrens 'n stukkie skuld af te skryf, al klop die boeke nie ... soos U met my gedoen het. Amen.*

**Uit: Lewe met Perspektief - Braam Hanekom - uitgegee deur CUM**

Breër verband

**Sawa streef daarna om**

- vir Afrikaans georiënteerde kampeerdere die geleentheid te bied om binne 'n Christelike konteks, 'n tuiste te bied waar hulle hul beginsels en kultuur kan uitleef.

- vir kampeerdere die geleentheid te bied om saam met geesgenote so bekostigbaar as moontlik te kampeer.

- die belange van SAWA-lede te bevorder deur onderhandelinge en samewerking met ander instansies.

- die balans tussen die belange van die mens en die natuur te handhaaf.

### Onderklere-projek

Kiepersolde begin **asseblief sommer nou** onderklere aankoop vir ons nuwe projek. Mans en vroue onderklere, enige groottes, en ook sokkies. Bring dit saam na die AJV in Augustus. Kom ons maak dit 'n groot poging om Filadelfia te help. Goeie tweedehandse ware is ook aanvaarbaar.

**Frank en Hettie (082 882 5299)**



### Streekbestuur 2011-2012

**Voorsitter:** Hennie Ferreira (083 226 3176) hennief@agency.co.za

**Ondervoorsitter:** André Baker (012 654 6127)

**Sekretaris:** Ina van den Berg (081 270 8267) jannie.ina@gmail.com

**Penningmeester:** Rigard Lemmer (082 786 9928) rigard.lemmer@treasury.gov.za

**Redakteur:** Johann Lemmer (012 653 2745) lemmerj@mweb.co.za

**Senior burgers:** Frank Smith (012 654 3135) frank.hettie@vodamail.co.za

**Addisionele lede:** Schalk Nolte (012 345 1605), Ronelle King (012 664 6611)

**Bankbesonderhede: Sawa Kiepersol, ABSA Centurion 600 810 499**

Oor Sawa in die breë vra die Redakteur:

## Is ope nominasies 'n goeie ding?

'n Lid van Sawa se nasionale bestuur het by geleentheid opgemerk dat daar altyd hierdie tyd van die jaar 'n onrustigheid in Sawa te bespeur is. Hy skryf dit daaraan toe dat dit nominasie- en verkiesingstyd is. In gevalle spook streke om genoeg benoemings te kry en in ander gevalle is daar spanning rondom die verkiesingsproses.



Johann Lemmer

Streek Kiepersol het dit ook al ondervind en dis nooit aangenaam nie. Daar is ook op die Sawa-webblad se kletsblad oor die saak geskryf. In hierdie artikel kan daar net geraak word as sommige aspekte van die probleem wat moontlik later verder gedebatteer kan word.

In die voorbladberig sê die uitredende voorsitter, Hennie Ferreira, dat hy van mening is dat iemand nie langer as drie jaar in 'n spesifieke Sawa-pos moet bly nie. Hierdie gedagte word deur baie lede ondersteun maar daar is sekere bepalinge in die verkiesingsproses wat dit bemoeilik. Een van hierdie sake is ook in die Kletsblad aangeraak naamlik dat die stemming geheim is maar nie die benoemingsproses nie. Dié saak is enkele jare gelede ook deur een van ons lede geopper.

In Kletsblad skryf "Sawa-familielid" soos volg:

"Om die een of ander rede stem Sawanante nie graag 'n bestuur uit nie, waarom sal ek nie weet nie. Miskien het dit iets daarmee te doen dat die betrokke bestuur, weens die voorskrifte van bestuursverkiesings, altyd sal weet wie het wie teen hulle genomineer. Ons is 'n ontspanningsorganisasie en ons mense hou nie van konfrontasie nie. Op dié wyse het ek al gesien hoe onbekwame bestuurslede, wie se enigste kwalifikasie is dat hulle daarvan hou om op die bestuur te dien, jaar na jaar op 'n bestuur herkies word.

Ons eie Christo van der Merwe het ook soos volg tot die debat op die webblad toegetree:

"Ek het, anders as "Sawa-familielid" nie net met nasionale besture geskakel nie, dit was my voorreg om op elke bestuursvlak van SAWA te kon dien. Nepotisme (familie en vriende) is een van die groot bekommernisse omdat dit nog nooit vir enige streek voordeel ingehou het nie, intendeel, dit het die potensiaal om daardie streek te laat vou. "Sawa-familielid" gee 'n breë uiteensetting van die probleem, waarmee ek saamstem, maar wat my toe opval is dat hy/sy nie net die probleem stel nie, hy/sy gaan verder en identifiseer die moontlike oorsaak van die probleem: die wyse waarop besture in SAWA verkies word.

Dit bring my weer by die voorstel dat 'n klagte/kritiek vergesel moet wees van "n voorstel of 'n oplossing." Ek dink "Sawa-familielid" identifiseer die eintlike probleem presies reg met die stelling "dat die betrokke bestuur, weens die voorskrifte van bestuursverkiesings, altyd sal weet wie het wie teen hulle genomineer. .... ons mense hou nie van konfrontasie nie."

"Ek is van mening dat SAWA se Grondwet ons lede, onopsetlik, in die steek laat. Dis onvanpas dat dieselfde liggaam wat benoem moet word die benoemings moet administreer. Daar is geen anonimiteit nie.

"Om die anonimiteit van ten minste die nominante en sekondante te verseker, sal ek voorstel dat die nominasies vir 'n bestuur deur die volgende hoër vlak bestuur geadmistreer word. Ek is seker dat dit aan lede meer vrymoedigheid sal gee om nuwe bestuurslede te nomineer."

Oor een ding kan ons as Kiepersollers baie bly wees. Hierdie jaar was daar geen onrustigheid, spanning of ongemaklikheid toe dit by die nominasieproses gekom het nie. Dit beteken egter nie dat daar nie baie meriete in 'n stelsel is waar lede met groter vrymoedigheid mense kan nomineer sonder om die gevaar te loop dat hulle moontlike onaangenaamheid op die lyf kan loop nie.

Ons uitredende voorsitter, Hennie Ferreira, se slagpreuk gedurende sy ampstermyn was: "Saam is ons beter." Toe hy gevra is hoe hy eenheid in 'n erg verdeelde streek teweeggebring het, was sy antwoord soos volg:

"Met harde werk, luister, leierskap en verantwoordelijkheid neem, glo ek, het ons lede weer begin saamwerk en deelneem. Insette van die lede en deursigtige bestuur het gehelp om die verandering te bewerkstellig. Natuurlik het die bestuurspan as eenheid gefunksioneer. As dit nie vir die bestuurspan se ondersteuning was nie sou die eenheid nooit bereik gewees het nie. Alles wat ons gedoen het was tot voordeel van ons lede, ons streek en organisasie en het die bestuur die lede gedien."

### AJV nou om 15:00 (3 nm.)

Kennis word hiermee gegee van die 29ste Algemene Jaarvergadering van streek Kiepersol van die SA Woonwa-Assosiasie wat gehou sal word op **Saterdag 18 Augustus 2012 om 15:00 by Klein Paradys (Brits).**

**Ina van den Berg**  
Sekretaris

### Bestuur onbestrede genomineer

Agt nominasies is ontvang vir die streekbestuur wat op 18 Augustus by die AJV verkies moet word. Dit beteken dat daar nie 'n stemming sal plaasvind nie, maar dat die lede onbestrede verkies sal word.

Die bestuur sal uit die volgende lede bestaan: Spesifieke poste: Voorsitter (Andre Baker), ondervoorsitter (Ronelle King), sekretaris (Ina van den Berg), penningmeester (Rigard Lemmer); vier addisionele lede: Frank Smith (senior burgerverteenwoordiger), Christa Bothma, Schalk Nolte en Lucille Vorster.

## Lekker Kampnuus



### Magaliesberg se Sitrusfees groot en prettig

Johann Lemmer

Vanjaar is die Magaliesberg Sitrusfees vir die 16de keer by Buffelspoort gehou. 'n Volgepakte woonwepark met Sawanante het die fees, soos gewoonlik, terdeë geniet. Sawa het vanaf die beskeie begin in 1997 'n belangrike rol gespeel om die woonwepark vol te maak. Soos vanjaar se meer as 12 000 feesgangers getuig, was daar nog nooit 'n gebrek aan belangstelling nie.

Dit kan 'n mens tereg laat vra: Hoekom is die fees so gewild? Dalk lê die antwoord in die logo: Proe die berg! Die Magaliesberg en sy mense is bekend vir hulle vriendelikheid en gasvryheid. Dit is kuiermense. En waar daar gekuier word, word daar geëet. Voeg daarby die asemroerende natuurskoon wat die Magaliesberge bied en jy het 'n unieke reseep vir 'n suksesvolle fees. Die ATKV-oord Buffelspoort met sy vyfster fasiliteite is die ideale plek om so 'n fees aan te bied.

Die fees vind elke jaar tydens die laaste naweek van Mei plaas. Dit skop af met 'n formele dinee en konsert die Vrydagaand waar Elsabe Zietsman opgetree het. Die Saterdag word daar heerlik gekuier terwyl gaskunstenaars die nodige atmosfeer verskaf. Van die bekendste kunstenaars wat vanjaar opgetree het was Bobby van Jaarsveld en MoniQue.

Voordag Saterdag het sowat 2 000 fietsryers weggespring om die berugte Magalies Monster te takel. Saterdag het meer as 110 spannetjies in die reeds beroemde Bulletjie rugbytoernooi gespeel.

Sowat 60 netbalspannetjies het gedurende die oggend deel aan die Sterretjie netbaltoernooi deelgeneem. Saterdag is die kroon geplaas op die koppe van die pragtigste Mej. Sitrusbloei (3 - 7 jr), Mej. Nartjie (8 - 12 jr) en Mej. Sitrus (13 - 17 jr).

Talle vlooiemarkstalletjies wat van klere en blomme tot allerlei snuisterye aanbied, was heeldag beskikbaar. Sondag is die fees met 'n ATKV-gospelfees afgesluit, waarna daar vir oulaas weer saam gekuier en geëet is.

Die Sawa-saamtrekke is aanvanklik deur streek Bosveld gereël en later deur streek Kosmos oorgeneem. Dit was daarom 'n groot skok om te verneem dat Kosmos dit nie weer volgende jaar gaan organiseer nie. Die Kiepersoliede en besoekers wat vanjaar daar was, was egter so entoesiasies dat hulle die bestuur versoek het om nou reeds navraag te doen oor volgende jaar se bywoning. Die rede hiervoor is voor die hand liggend: die naweek bied soveel meer as 'n gewone saamtrek dat dit deur en deur die moeite en geld werd is om dit by te woon.

**Kyk foto's op bladsye 10 en 12**

## Saamtrekdatums

### Saamtrekke vir 2012

**18 Augustus: Klein Paradys (Brits)**  
Belangrike jaarlikse saamtrek waartydens Kiepersol se Algemene Jaarvergadering gehou word (Kampgeld R450, net ete R50)

**7 September: Smuts-huis (Irene)**  
Op ons voordeur. Geniet die naweek sonder om oor duur brandstofpryse bekommerd te wees

**8 September: Nasionale Kongrestoer**  
Kom by Aldam bymekaar

**12 Oktober: Nasionale Saamtrek Malonjeni.** Naweektarief R302  
Bespreek by Sawa-kantoor (011 918 0699)

**26 Oktober: Kaia Manzi**  
Kampgeld vir die naweek R370

**16 November: Joos Becker (Kersboom)**  
Kampgeld vir die naweek R260  
Bring kinders en kleinkinders saam

### Voorgestelde saamtrekke vir 2013

**25 Januarie: Klipdraai (Meyerton)**

**22 Februarie: Drie Berge**

**29 Maart: Presidente**

**26 April: Hartebeeshoek**

**24 Mei: Sitrusfees (Buffelspoort)**

**13 Junie: Nasionale Winterkamp**

**22 Junie-29 Junie: Wildtuintoer**

**26 Julie: Manyane**

Die Voorsitter sê

## Kiepersol se AJV voor die deur, kamp saam of woon vergadering by

### Hennie Ferreira

Die winter is nou hier. Daar was sneeu in die Karoo en ons het net die koue gekry. Die derde skoolkwartaal het aangebreek en die saamtrek by Manyane was 'n groot sukses. Party seniors het al vanaf die Maandag gekamp. Hierdie saamtrek is al 'n instelling. Dit word deur Streek Bosveld teen baie bekostigbare tariewe aangebied.

Augustusmaand is die maand waarin al die SAWA-streke hul algemene jaarvergaderings (AJV's) moet hou. Soos reeds in die vorige Kampkrummels kennis gegee vind dit hierdie jaar op Saterdag 18 Augustus te Klein Paradys plaas maar dit sal om **15:00** wees. Saterdag-aand is dit tradisie dat ons lede onthaal word. Hierdie jaar gaan ons 'n lekker kaas en wyn (en bykomstighede) geniet. Schalk Nolte sal die agtergrondmusiek en later die dansmusiek verskaf en diegene wat so voel kan heerlijk skoffel. Ons doen 'n ernstige beroep op al ons lede om die naweek te kom saamkamp. As dit egter nie moontlik is nie, word vriendelik versoek dat minstens die vergadering bygewoon word.

Die nominasies vir die streekbestuursposte het Woensdag 25 Julie om 19:00 gesluit en daar sal nie 'n stemming nodig wees nie. Die lede van die 2012-2013 se streekbestuur word elders in Kampkrummels gepubliseer. Baie dankie aan elk-een wat hulle beskikbaar gestel het en die nominasies aanvaar het. Baie geluk aan André Baker en Ronelle King wat onderskeidelik as voorsitter en ondervoorsitter genomineer is. Baie sterkte vir die taak en weet dat julle elke Kiepersoller se ondersteuning het. Die verjonging in die bestuur is op-

merklik en ons is bly om selfs van ons onlangse lede by die bestuur te betrek. Johann Lemmer het aangedui dat hy sy bestuurspos ontruim om voorsiening vir jong bestuurslede te maak. Tot tyd en wyl 'n persoon na vore kom wat die redakteurstoel mettertyd by hom kan oorneem, is hy bereid om om uit te help. Ek is seker dat julle almal saam met my vir Johann baie dank verskuldig is vir die jare wat hy op die streekbestuur gedien het (en Alet wat hom bygestaan het). Baie dankie Johann dat jy bereid is om voort te gaan as redakteur.

Die bestuur het die konsepkamp-program vir 2012 afgehandel en sal dit by die AJV voorhou vir goedkeuring. Let asseblief daarop dat ons nie die program van vooraf gaan opstel by die AJV nie, aangesien almal geleentheid gehad het om vooraf insette te lewer, maar geringe wysigings sal wel gedoen kan word.

Die Kongres 2012 te Hartenbos is ook reeds beplan en besprekings moes al klaar via die SAWA kantoor geskied het. Ons streek se kamp vir September vind by die Smutshuismuseum te Irene plaas soos minstens drie maande gelede reeds aangekondig is. Die oorspronklike bespreking was by Dube, maar die tariewe was net te hoog en daar is toe op 'n naby, goedkoper kamp besluit.

Ek maak van die geleentheid gebruik om elke Kiepersoller te bedank vir julle ondersteuning aan my as die streekvoorsitter. Dankie



vir julle vriendelikheid en samewerking. Aan elke bestuurslid baie dankie vir julle harde werk en insette gelewer om ons streek met al sy aktiwiteite 'n sukses te maak. SAAM WAS ONS BETER!

Ek sluit af met die volgende teksvers – Lukas 22.27 **Klein genoeg om te dien**

*“Wie is die belangrikste; die een wat aan die tafel is, of die een wat bedien? Tog hy wat aan die tafel is, nie waar nie? Maar Ek is in julle kring soos die een wat dien.”*

*Veilig sleep!*

Kiepersolgroete

**Hennie Ferreira**

## Laat weet as jy by AJV-naweek sal wees asb!

Lede wat die naweek van 17 Augustus 2012 by Klein Paradys sal wees om die AJV by te woon, word dringend versoek om Ina van den Berg by 081 270 8267 te laat weet of jy gaan kamp en/of by watter funksies jy en jou gesin teenwoordig sal wees.

### Saterdagprogram

(18 Augustus)

14:30 Tee en koffie

15:00 Vergadering (AJV)

18:30 Kaas en wynfunksie

## Tandartse by Elwierda Apteek

**Dr René Pretorius**

**Dr Tania Erikson**

**Telefoon: 012 653 6154**

Storiwerf vir kleuters

## Sawa Kalantjies

Vlooitjie loop weg



Op 'n bed met wit lakens en sagte kussings bly daar 'n teddiebeer. Hierdie teddiebeer se naam is Vlooitjie en hy het 'n goue pels en groen knopie-oë.

Van sy blyplek op die bed kan hy alles sien wat in die kamer gebeur en hy weet presies waar elke meubelstuk is.

Maar Vlooitjie is baie ongelukkig want sy maatjie, Anna, speel nie meer met hom nie. Sy laat hom ook nie meer saam met haar op die bed slaap nie. Nou dat sy groot geword het, sit sy hom in die aand op die spieëlkas en los hom daar terwyl sy alleen in haar lekker warm bed slaap.

Anna het ook al haar ander speelgoed weggegee of in haar kas weggepak. Dis nou net Vlooitjie en Lappop oor in die kamer.

Vlooitjie is baie bang dat Anna hom ook kas toe gaan verban! Hy is so bang en so ongelukkig dat hy

daaraan dink om weg te loop... Toe Anna vergeet om die deur te sluit vat Vlooitjie sy kans. Hy spring van die bed af en land op die mat. Hy het nog nooit van die mat gehou nie, want dit krap sy pootjies.

Hy is nou bang, want hy ken nie die deel van die kamer nie. Alles lyk soveel anders van onder as van bo. Die spieëlkas se vet houtpote toring bo hom uit en die punt van die wit laken hang op die vloer, reg vir iemand om te val.



Vlooitjie

Vlooitjie kan sien hoe Lappop op haar stoeltjie sit en vir hom glimlag. Hy twyfel of dit reg is om weg te loop. Kan hy regtig Anna net so agterlaat? Toe sien hy die kas deur met die koperslot en hy onthou hoe die ander speelgoed in die aand huil en hy weet hy kan nie kas toe gaan nie.

Vlooitjie tel sy pootjies op en loop oor die krapperige mat om by die oop deur te kom.

Hy kan die blou lug en die groen gras sien en die vrolike voëltjies hoor sing. Hy weet dat 'n nuwe wêreld buite vir hom wag. (Lees volgende keer verder) Vonnie Smit

## Pretoria-Noord Toyota

Die enigste onafhanklike Toyota-handelaar in Pretoria



- Nuwe Toyota passasiersvoertuie
- Nuwe Toyota kommersiële voertuie
- 250 Automark gebruikte voertuie
- Egte Toyota onderdele
- Werkswinkel

Pretoria-Noord Toyota bestaan sedert 1983 en ons leef ons motto - "Ons diens en groei" - ten volle uit.

**ALTYD BESKIKBAAR - 250 AUTOMARK-  
GEBRUIKTE VOERTUIE**

Pretoria-Noord Toyota  
Gerrit Maritzstraat 597  
PRETORIA-NOORD  
Tel 012-546-0545



NEEM LEIDING TOYOTA

## BRITS WOONWAENS



### Brits Woonwaens BK

Brits Woonwaens is ongeveer 50km vanaf Pretoria en sowat 100km vanaf die Wes-Rand. Dit is ook die naaste handelaar aan die Jurgens CI Fabriek te Ga Rankuwa. Ons bied die Jurgens, Gypsey, Sprite en Safari reeks aan, asook Jurgens Sleepwaens. Ons produkreëks word met 'n Campworld-winkel aangevul. Produkte soos: Howling Moon, Coleman, Engel, National Luna en talle meer kan hier teen kompeterende pryse gevind word.



Van Deventerstraat 39, Brits  
T. 012 252 5169 F. 012 252 7722  
britswoonwaens@lantic.net www.britscaravans.co.za

## Schalk Nolte roep in herinnering: Die reiservaring van ‘n seuntjie Die uiterstes in die natuur vanaf die dorre Namibië tot lowerryke Tuinroete

Lank lank gelede is daar ‘n seuntjie in die Upington omgewing gebore. Die eerste tien jaar van sy lewe het hy egter in Lüderitz en Bethanie in die suide van Namibië deurgebring. Al wat hy hier geken en so aanvaar het, was die uiters droë omstandighede waarin hulle gelewe het. Aan die oostekant van Lüderitz is die Namibwoestyn wat tot teenaan die Skedelkus strek, en aan die westekant die koue Benquella-seestroom. Sulke goed soos riviere en reën was daar nie, en in die dorp was daar nie ‘n enkele boom nie, wat te sê nog grasperke voor die huise! As hulle Sondae kerk toe stap, want ‘n motor was daar nog nie, moes hy en sy sussie partykeer deur hulle ouers gedra word, want die sterk wind het die fyn klippies so teen hulle bene vasgewaai, dat hulle aan die huil gegaan het! In die middag het die vissermanne gewoonlik met hulle kabeljouwvangste in groot mandjies in die strate tussen die paar huise gestap en die visse so aan die inwoners verkoop. Daar was nie boorgate wat drinkwater kon verskaf nie, wat te sê nog ‘n dam êrens, want daar was nie riviere nie! Hulle drinkwater was gedistilleerde seewater, waaraan mens eers gewoon moes raak.

Die enigste besienswaardighede in daardie tyd was Kolmanskop, so ‘n paar kilometer in die Namib in op die grondpad na Keetmanshoop, en Diaspunt, ook so ‘n paar kilometer langs die kus af, waar Bartolomeus Dias ‘n paar honderd jaar gelede ‘n kruis geplant het. Die enigste water op pad soontoe, was ‘n soutpan waarlangs jy moes verbyry. Kolmanskop was weer so onder die sandduine begrawe, dat daar maar min uitgesteek het wat verklap het

dat hier destyds mense gewoon het. Daar naby het die reïnspoor verbygeeloop op pad na Keetmanshoop, maar die trein moes menigmale op daardie roete stop sodat die passasiers kon help om die spoor oop te graawe, want dit het sommer in ‘n duin in verdwyn!

Later op Bethanie het dinge so ‘n bietjie verbeter, want daar was darem bome, nog steeds nie grasperke nie, en dit het selfs af en toe gereën! Dit was altyd ‘n groot geleentheid as die Koeboeb-rivier langs die dorp so eenkeer elke 3 – 4 jaar afkom. Dan was die hele dorp daar om na die stroompie te kyk! Op so negejarige leeftyd het sy pa ‘n splinterblink 1956 Chevrolet Imp gekoop en die einde van daardie jaar is hulle daarmee op vakansie na hulle familie in die destydse Unie van Suid-Afrika. Hulle eerste familie was op Violsdrift, waar dit so warm geword het dat die son jou sou doodbrand as dit jou alleen sou kon kry! Die koelste plek in die dag was onder ‘n bed op die kaal sementvloer! Die enigste swembaddens was die kanale en lei-vore uit die Oranjerivier, na die lusern- en waatlemoenlande langs die rivier!

Soos wat die reis verder suid gevorder het, het hy begin agterkom daar is iets anders as net sand en klippe in ons land. So kuier-kuier deur die Paarl en omstreke het sy oë al hoe groter geword van verwondering, tot dat hulle die ou Tuinroete ry. Dit was lank voordat die tolhek oorgeneem het wat hierdie prag-

*“Helder strome water wat rustig voortkabel, diep donker poele en sonstrepe deur die lower bokant hulle - so iets kon net in die hemel bestaan!”*

tige deel van ons land heeltemal uit-sny.

Toe hulle die Tuinroete ingaan, het dit vir hom gevoel asof hy die poorte van die hemel binnegaan. Bloukranspas, Grootrivierpas, Nature’s Valley - hy kon nie dink dat daar plekke op aarde kon wees wat so mooi as dit was nie. Om in ‘n bergpas te ry, en dan nog met bome weerskante van die pad, met boomtoppe wat bokant hulle bymekaarkom – dit kon net nie moontlik wees nie! Helder strome water wat rustig voortkabel, diep donker poele en sonstrepe deur die lower bokant hulle - so iets kon net in die hemel bestaan! Stilhouplekkies met selfs sitplekke, waar jy iets kon eet of net rustig die natuurskoon kon indrink en kyk en luister na die gekwetter van die talryke voëls – droom hy nie dalk nie?

Hierdie was vir hom ‘n hemel op aarde, wat deesdae gemis word deur mense wat, dikwels onwetend, op die tolpad verbyskiet op ‘n dulle gejaag na nêrens! Soos Suze Orman sê: “Life is not about counting money. It’s about letting every moment count”.



*Kolmanskop; Sand dring huis binne*

# Schalk gesels met met twee mense wat geleenthede vir hulself geskep het

Die winter met al sy ysigheid en koue wind het toegeslaan. Daar was ook vir die eerste keer in jare swaar sneeu in die Karoo. Die Presidente en Sitrusfees is verby, en ons het elke keer met Jan Tuisbly se karretjie gaan kamp! So gaan dit seker maar as jy jou sente elke keer tweemaal moet omdraai en dan besluit jy bly maar hierdie keer by die huis. Ek het met twee mense gesels wat maar nog 'n kort rukkie lede van Kiepersol is, en vir wie julle dalk nie dadelik gaan herken nie, dalk nie eens wanneer ek hulle name noem nie!

Neeltje Wilhelmina Oberholster se pa het kragstasies gebou, en in die proses is sy gebore op Newcastle as die tweede van drie kinders. Haar skooljare het sy op Ermelo en Middelburg Mpumalanga deurgebring en het uitgeblink in naellope en hoogspring, waar sy 'n hoogte van 1,84 meter agter haar naam kon skryf! In atletiek het sy later haar Suid-Oos Transvaalkleure verwerf. Na matriek het sy onderwys geswot by die Normaalkollege Pretoria en in die koshuis Haemstede tuisgegaan. Later het sy Verpleegkunde gaan swot en in Nicholhuis gebly. Sy het begin met verpleging, maar na 'n ernstige motorongeluk, waarin sy sodanig beseer is dat sy 'n nekfusie moes ondergaan, is sy vanaf die saal na teater toe verplaas en het sy begin om die dokters in die teaters te assisteer. Sy het dus 'n "skropsuster" geword. Hier was sy hoofsaaklik by die neuro-ortopediese chirurgie betrokke. In 1997 en 98 het sy verder by Tukkies geswot in verpleegadministrasie, gemeenskapgesondheid en –onderwys. In 1999 het sy betrokke geraak by Pediatrie-Intensief en het hoofsaaklik met kinders gewerk, tot 2003. Sy besluit toe om 'n bietjie te "rus" en het 'n mediese verteenwoordiger geword in elektro-chirurgie, en het haar toe opgewerk tot bemarkingsbestuurder. In die proses het sy 'n bietjie die wêreld gesien, en was onlangs nog in China. Sy is tans betrokke met "outoklawe", wat 'n steriliseerder van instrumente

is. Interessante inligting is dat sy al 36 babas "gevang" het, en al twee keer moes assisteer by operasies waar 'n "hy" in 'n "sy" verander word – een stap in 'n drie jaar proses!

Dewald van Biljon is in Pretoria gebore, en is later na Sunnyside Primary. Dit is die skoolgronde waar die eerste twee Jakarandabome in Pretoria geplant is, en hulle staan vandag nog daar – gaan kyk maar! Sy hoërskooljare is geslyt in die Pretoria Sentraal Tegniese Hoërskool, waar hy en die skoolhoof mekaar mettertyd baie goed leer ken het. Hierdie kennismakings was nou nie soseer as gevolg van sy akademiese prestasies nie, miskien meer as gevolg van prestasies vanaf sy kant wat hierdie akademiese prestasies dalk nadelig kon beïnvloed (aldus die hoof)! In die hoof se kantoor het daar eenkant aan 'n kapstok 'n verskeidenheid van latte gehang. Dit is gebruik om die nodige dissipline toe te pas. Gedurende een so 'n "kennismaking" is hy gevra om self die lat te kies wat toepaslik sou wees vir sy oortreding. Hy het een gekies en toe vir die hoof gesê dat hy ook nou maar een kon kies! Die hoof het natuurlik nie gedog dis snaaks nie, en hy moes nog steeds buk vir "ses van die beste!" In die laerskool het hy geswem, en in die hoërskool aan rugby en landloop deelgeneem en ook gekwalifiseer vir die Noord-Transvaalse landloopkompetisies.

Hy het drie jaar vakleerlingskap gedoen by die Germiston Tegniese Kollege en prakties gedoen by die Camden kragstasie naby Ermelo. Verder het hy ook by die Pretoria Technikon gestudeer, en later ook Meganiese Ingenieurswese voltooi by die Universiteit van Johannesburg. As student te Pretoria het hy die kans gebruik om 'n sjampanje ontbyt voor die Uniegebou te hou en terselfdertyd bietjie die perd voor die Uniegebou vir 'n ry te vat.


Dit was toe dat die Polisie hom kom versoek het om eerder iets anders te ry, waaraan hy toe voldoen het, want die perd was in elk geval bietjie dooierig!

Sy pa het intussen saam met ene meneer WP Oberholster op Onverwacht naby Ellisras gebly waar hulle besig was met die bou van 'n kragstasie. Hy het eenkeer daar gaan kuier (heel toevallig) terwyl hulle besig was om bees te slag. Terwyl hy besig was om maalvleis te maak, kom vra 'n aanvallige dogter van die meneer WP hom of hy weet wat hy doen, en dat hy moet oppas vir sy vingers. Toe hy uitvind sy bly eintlik ook in Pretoria, was die gort gaar, en terug in Pretoria, het hulle begin uitgaan. Dinge het later ernstig begin raak, maar sy aanstaande skoonpa het hom duidelik laat verstaan dat toiletpapier die enigste blou in sy huis was, Noord-Transvaal of te not! Dewald van Biljon en Helmien is toe in 1984 getroud op Tuinplaas op die Springbokvlakte tussen Groblersdal en Setelaars.

Uit hulle huwelik is vier seuns gebore, Dewald in 1986, wat reeds getroud is, Oelrich in 1988, Wilhelm in 1991, en David in 1993. In Oktober 2011 het hulle by SAWA Kiepersol aangesluit, en het tans ses kampe agter die rug. Hulle geniet die kampeerdery, want by elke kamp sien jy iets interessants, en jy leer die waardes van die ouer garde ken, soos boekevat, eredienste hou, en nog ander. Hulle kry ook nou die kans om hulle woonwa meer as eenkeer per jaar te gebruik. In hulle lewe het hulle geleer dat mens nêrens kom as jy nie skouer aan die wiel sit nie. In sy boek "Cash Flow Quadrant", sê Robert Kiyosaki die volgende waar woorde:

"Success is a poor teacher. We learn the most about ourselves when we fail, so don't be afraid of failing. Failing is part of the process of success. You cannot have success without failure. So unsuccessful people are people who never fail".





## Seniors

Om ouer te word is . . .

### Soms 'n gulde geleentheid om terug te dink

Hierdie maand wil ek in die algemeen skryf oor om ouer te word. Doelbewus stel ek dit nie om oud te word nie. Ons word nie OUD nie, die jare vermeerder net. Daar word gesê dat om oud te word is nie vir sissies nie. Sommiges van ons het ook nie meer boeties of sussies nie, slegs herinneringe. Dis die tyd om terug te dink aan persoonlike suksesse of mislukkings.

Praat jy met diegene van verskillende verenigings wat al gevorder het in jare vertel almal dieselfde stories. Dis die verstand wat hulle verlaat het. Dis die ewigdurende romantiek en jig. 'n Paar sal selfs sê dat indien jy die oggend wakker word en geen pyne het nie, is jy nie meer met ons nie. Hettie se pa wat al sy vriende en sy geslag familie verloor het het altyd gesê dat hulle seker daarbo vertel dat hy na die ander plek is want in die hemel het hy nog nie opgedaag nie.

Dis die hartseer van kinders en kleinkinders wat nie meer naby is nie want hulle het geëmigreer en die geld om hulle oorsee te gaan besoek is net nie meer daar nie. Veel erger is dit vir diegene wat hul kind, kinders of kleinkinders aan die dood moes afstaan en nou slegs die herinneringe aan hulle koester.


As jy gelukkig is, is dit die eensaamheid van 'n klein kamertjie in een of ander oord vir bejaardes en die verlange na kinders wat jou nie meer kom besoek of wil ken nie. Veel erger is dit om onder sulke omstandighede in 'n plakkerskamp te moet woon waar jy totaal afhanklik is van ander se genade. Al wat jy dan nog oor het is net jou geloof in die Goeie Gewer se genade wat dit in mense se harte gesit het om ook na die nooddriftiges om te sien. Daardie engele wat bereid is om hul eiendom en gerieflike lewe op te offer om na jou om te sien, want sien, dit is nie altyd jou skuld dat jy in die dilemma beland het nie.

Dan leef jy in die vrees dat jy 'n ongeneeslike siekte sal opdoen en dat jou mediese voorsiening onvoldoende gaan wees. Jy vrees ook die eerste Kersfees wat jy alleen gaan wees nadat jou lewensmaat ook vertrek het. Jy kan nie aan alles in die lewe ontkom nie.

Groete

**Frank en Hettie Smith**

## jongklomp



**'n Tiener vra wat is die oorsaak van:**

### Spanning tussen ouers en tieners - vervolg

-Ouers sukkel om die verandering in die tiener se lewe te hanteer.

'n Tiener gaan in hierdie tyd so vinnig deur verskillende fases (en dan partykeer nog vorentoe en agter toe ook) dat die ouer nie kan bybly om te weet in watter fase of stadium die tiener nou is nie. Tieners wil vir hulleself dink en praat en hulle eie waardes vorm en eie besluite neem en dit skep baie kere probleme tussen ouers en tieners. Hierdie is die tyd waar tieners besig is om 'n unieke identiteit te vorm en waarin ouers daaraan gewoon moet raak dat hulle nie meer die belangrikste invloed op die vorming van die tiener se identiteit het nie.

-Ouers wil jou beskerm.

Ongelukkig, of gelukkig gaan hierdie stadium nooit verby nie. Tot aan die einde van hulle lewe het ouers steeds die behoefte om te beskerm en seker te maak dat dit

goed gaan met die kind.

Kinders verstaan dit dikwels as dat die ouers eintlik net veronderstel is om seker te maak dat dit met hulle finansies goed gaan of hulle sien die ouers se belangstelling as inneng in hulle lewens.

-Fisiese veranderings.

Tieners se liggame verander vinnig en dit is dikwels moeilik vir tieners om by hierdie veranderings by te bly en aan te pas. Dikwels word tieners op grond van voorkoms as volwassenes behandel, terwyl hulle nog nie emosioneel daarvoor gereed is nie.

Ek dink dat as ouers en tieners hierdie oorsaak van spanning raaksien en hanteer, sal die konflik steeds nie verdwyn nie, maar kan dit dalk anders hanteer word en dan hoeft die uitkoms van die konflik en die tienerjare nie ramspoedig in te werk op verhoudings tussen ouers en tieners nie. **Attie Nel** (Attie se koffietafel)

## Mense by die Sitrusfees op Buffelspoort



*Alet Lemmer, Bets Joubert (met die broodjie wat sy gebak het), Dianne du Preez en Susan Delpont*



*Maria Nordejé en Elmarie Bronkhorst kyk hoe hulle wederheltes met 'n boorpunt eksperimenteer*



*Hierdie BMW met raad vir die vermoedides en belastes is in die kamp opgemerk*



*Tannie Anna Rall, Seef Delpont en oom Gert Rall kyk Superrugby*



*So moet 'n mens mos maak, beduie Willie Bronkhorst aan Willem Nordejé*



*Mense eet Sondag middagete onder die bome*



**Skakel om 'n afspraak te maak  
072 949 6293**  
(Maandae gesluit)

**Op die hoek van Chris Hougaard en  
Springbokstraat, langs die  
pandjieswinkel, Wierdapark**

**Kom loer gerus in as jy nog nie hier  
was nie**

**Parkeer onder groot bome**

**Ondersteun ons eie mense**

### ELWIERDA APTEEK

Elwierda@mweb.co.za  
Noodnommer 082 460 0162

#### Kom maak kennis en kry:

- Flinke diens
- Billike Pluspryse
- 'n Goeie luisteroor
- Professionele advies
- Vriendskap vir 'n leeftyd
- Oop sewe dae per week
- Noodure tot agtuur saans
- Aflewering

### Elwierda Apteek

Koedoestraat 184 Wierdapark

Telefoon 012 653 6153 012 653 6172

## VERJAARSDAE



**Kamp-  
Krummels  
wens graag-  
die lede hier-  
naas baie ge-  
luk met hulle  
verjaarsdae**

### AUGUSTUS

03 Guillaume Jordaan  
05 André Knoetze  
06 Thea Brits  
07 Natasha Baker  
07 Wilanda Prinsloo  
08 Neil Pretorius  
10 Pierre de la Harpe  
11 Antoinette Kruger  
13 Annatjie Voges  
16 Susan Delport  
17 Con Arnold  
17 Coba Maree  
19 Petro Hartzler  
21 Magdanell Botha  
24 Irma Beneke  
25 Thys Botha  
29 Eric Bothma



**Lief en  
leed**

Dit gaan beter met Schalk Nolte na sy skoueroperasie

Anna Henning is baie siek met griep en komplikasies

Hennie en Valerie Briedenhann het hul woonwa verkoop en as lede bedank

Ina van den Berg se jongste broer Erich se skoonmoeder is oorlede

Jannie en Ina van den Berg het operasies ondergaan en dit gaan beter met hulle

Louw en Linda de Jager het 'n nuwe sleepvoertuig en hulle het weer oupa en ouma geword

Pieter van Biljon is met gordelroos gediagnoseer en dis baie pynlik

Johann en Alet Lemmer was baie siek aan griep, dit gaan beter

## Kamp saam by Karee-Krans

Aan ALLE Sawanante

KOM KAMP SAAM MET KIEPERSOL BY KAREE-KRANS

Streek Kiepersol kamp die naweek van 23-25 November 2012 by Karee-Krans. Die oord is sowat 42 km buite Rustenburg geleë, op die pad na Swartruggens. Daar is verskeie aktiwiteite om aan deel te neem soos 'n 4x4 roete wat al jou vernuf sal toets. Vir diegene wat ander avontuur soek, is daar rotsklim, swem, foefieslide, staproetes en asemrowende natuurskoon om te bewonder.

Die tariewe is as volg: R70/nag per volwassene; R35/nag per kind (7-12 jr), kinders onder 7 jr gratis R200/voertuig vir die roete eenmalig.

Die roete is 12 km lank. Dit kan jou enige iets tussen 4 ure en 2 dae neem om te voltooi.

Die boskamp, waar ons kamp, het geen krag nie. Daar is spoeltoilette en donkie verwarmede water in die storte. Vir diegene wat meer luukshede verkies, is daar 'n hoofkamp met kragpunte en goed toegeruste ablusiegeriewe.

Ons moet deposito's betaal, so neem asseblief 'n besluit en bespreek by Willem Nordeje: willem.nordeje@nsn.com of Maria marianordeje@gmail.com. 50% deposito moet asseblief nie later nie as 31 Augustus 2012 by die Kiepersol bankrekening inbetaal word (Verwysing: Naam en Karee).

Die bankbesonderhede is soos volg: SAWA Kiepersol, ABSA Centurion 600 810 499

Ons sien uit na julle teenwoordigheid en geselskap vir die naweek.

SAWA-groete

Willem en Maria Nordejé  
Streek Kiepersol  
Navrae: 082 887 1090



'n Gedeelte van die Karee-Krans-roete

## Daar was baie om te geniet by die Sitrusfees



*Daar was lemoene en nartjies vir Afrika, en so lekker soet!*



*Hierdie afdakkie is met lemoene versier, kyk hoe baie het afgeval of is afgepluk*



*Nog 'n staander wat uit lemoene gemaak is*



*Mini Rugby vir die klein kanneljies is 'n ernstige saak*



*Hierdie jong knaap met die skrum-pet breek weg met die bal, oppad doellyn toe*



*Een van die jong modelle wat op-getree het*



*Die ATKV is 'n belangrike borg wat ook Sondag die Christusfees aangebied het*



*Twee wandelaars op die brug-gie oor die rivier*



*Die woonwapark is mooi geleë met die berg in die agtergrond*



*Daar was skaars plek vir 'n fiets-gewees*



*Deel van die volgepakte kamp-terrein*



*Jong seuns besig om krappe in die rivier te vang wat deur die oord loop*

**Foto's: Johann Lemmer**

# DIE SUID-AFRIKAANSE WOONWA-ASSOSIASIE

## STREEK KIEPERSOL

Kennis word hiermee gegee van die 29ste **ALGEMENE JAARVERGADERING** van **STREEK KIEPERSOL** van die Suid-Afrikaanse Woonwa-Assosiasie wat gehou sal word op Saterdag 18 Augustus 2012 om **15:00** in die Kleinsaal van die **KLEIN PARADYS-WOONWAPARK (BRITS)**

**INA VAN DEN BERG**

**SEKRETARIS**

13 Julie 2012

### SAKELYS

1. Opening en verwelkoming
2. Kennisgewing van die 29ste Algemene Jaarvergadering
3. Presensielys (sirkuleer), verskonings en konstituering
4. Mosies (bylae A, later beskikbaar)
5. Vasstelling van die Sakelys
6. Goedkeuring van notule van die 28ste Algemene Jaarvergadering
7. Sake voortspruitend uit die notule
8. Voorgestelde saamtrekke vir 2013: Vir oorweging (Kyk bylae B hieronder)
9. Finansiële sake
  - 9.1 Geouditeerde Finansiële Verslag en goedkeuring daarvan (Bylae C, later beskikbaar)
  - 9.2 Aanwysing van rekenkundige beampte
  - 9.3 Toewysing van kerkkollekte
10. Voorsittersverslag en goedkeuring daarvan
11. Kongressake
12. Besprekingspunte en Algemeen
  - 12.1
  - 12.2
  - 12.3
13. Verkiesing van die Streekbestuur vir 2012/2013 (Kyk bladsy 3, Kampkrummels)
14. Kiepersol se 30ste verjaarsdag: Augustus 2013
15. Oordra van groeteboodsappe vanaf Gebied en Dagbestuur
16. Toekennings
17. Bedankings
18. Afsluiting

### BYLAE B: VOORGESTELDE SAAMTREKKE VIR 2013

(Lede kon insette maak)

25 Januarie	Klipdraai (seniors vanaf Woensdag)
22 Februarie	Drie Berge
<b>29 Maart</b>	<b>Presidente (Nasionaal)</b>
26 April	Hartebeeshoek
24 Mei	Situsfees, Buffelspoort
<b>13 Junie</b>	<b>Nasionale Winterkamp</b>
22-29 Junie	Wildtuintoer
26 Julie	Manyane (gasheer Bosveld, snrs vanaf Woens)
23 Augustus	AJV Klein Paradys (30ste Verjaarsdag)
<b>13 September</b>	<b>Nasionale kamp</b>
25 Oktober	Marula
15 November	Kersboom: Joos Becker of Smutshuis